Super14-statistieke
Kliek hier vir die jongste uitslae en puntestand in die Super14-reeks.
- Wen Super14-kaartjies

Beeld
Jou wêreld, Jou koerant

Jason moes eerder die kroon alleen dra
Sê die woord "Idols" en jy kan seker wees van een van twee reaksies:

Moenie deel word van die miljoene mense reg oor die wêreld wat tans hul werk verloor nie.
Solidariteit Solidarity
Klik hier en sluit nou by Solidariteit aan!

Klinieke kort formulemelk

May 12 2009 07:41:31:070PM - (SA)

Antoinette Pienaar

Desperate ma's in Limpopo het glo begin om hul babas met skoon water te voed omdat klinieke se voorraad formulemelk die laaste paar weke opgedroog het en hulle bang was om hul kinders deur borsmelk met MIV te besmet.

Mnr. Tian Johnson van die Thohoyandou Victim Empowerment Group, 'n nie-regeringsorganisasie (NRO) in dié provinsie, het gister gesê minstens 15 klinieke is sonder voorraad of het net vier tot ses blikke melk.

Die vervaardiger Nestlé het aflewerings in verskeie provinsies gestaak omdat die regering hom glo sowat R20 miljoen skuld vir die lewering van formulemelk.

Mnr. Fidel Hadebe, woordvoerder van die nasionale gesondheidsdepartement, het gister sonder om redes te verskaf geweier om te sê in watter provinsies die aflewering gestaak is.

Nestlé was sedert eergister in vergaderings met die departement om die krisis te probeer oplos, het mnr. Theo Mxakwe, Nestlé-woordvoerder, gesê.

Teen gistermiddag het hulle in 'n gesamentlike verklaring gesê die provinsies het opdrag gekry om die betalings te bespoedig.

Nestlé sal egter eers begin aflewer wanneer hy sy geld het.

Volgens Johnson ondermyn die tekort aan formulemelk die regering se antiretrovirale behandelingsplan van swanger vroue.

MIV-positiewe swanger vroue kry middels om te keer dat hulle die virus aan hul babas oordra, maar word weens formulemelktekorte gedwing om die babas te borsvoed, wat ook tot MIV-oordrag kan lei.

"Ek het gehoor Limpopo se rekening by Nestlé is intussen betaal, maar die melk is steeds nie oral afgelewer nie," het Johnson gesê.

Volgens Johnson sukkel die diensverskaffer Vuwa glo met administratiewe en vervoerprobleme.

Die klinieke word verbied om 'n noodvoorraad formulemelk op hul rakke te hou.

"As NRO kry ons minder as 1% van ons finansiering van die regering. Ons kan nie met ons min hulpbronne die regering se werk doen nie," het Johnson gesê oor die feit dat die NRO telkens uitry na klinieke om noodvoorraad af te lewer.

"Die babas wat met MIV besmet word, gaan eendag volwassenes wees met MIV/vigs, wat baie druk op ons stelsels gaan plaas. Dit is interessant dat ons R75 miljoen aan die president se inhuldiging kan bestee, maar nie die R20 miljoen vir babas se melk kon betaal nie."

Volgens Johnson het die NRO verlede jaar die Gautengse gesondheidsowerheid met regstappe

Druk artikel
E-pos storie aan 'n vriend

VIND
- Reis en Verblyf
- Top Afrikaanse Boeke
- Werksgeleenthede
- 3 Boeke vanaf R10 elk
- Kry tot R1000 verniet!
- Tiger Wheel and Tyre

VIR ALLE GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES
NETADS 24
Alle Kategorieë
SOEK

Plaas jou **GRATIS** advertensie hier!
SOEK | KOOP | VERKOOP

VIND JOU OU SKOOLVRIENDE
Kies jou skool se provinsie
Kies
en klik op die eerste letter van jou skool
A B C D E F G H I J K L M N
O P Q R S T U V W X Y Z

gedreig oor dieselfde probleem. Toe het die Suid-Afrikaanse Nasionale Vigsraad glo ingegryp.

Me. Sophy Sekole, woordvoerder van die gesondheidsdepartement in Limpopo, het gister gesê daar is 'n voorraad formulemelk by die departement se depot in Polokwane. "Die klinieke moet dit net kom haal. Hulle kan hul staatsmotors gebruik."

Johnson het daaroor geskater: "Klinieke het nie staatsmotors nie. Baie van die kliniekpersoneel het nie eens private motors nie."

Laaik.it

Teken in op Beeld

Kry Beeld op jou Facebook-profiel

Kry nuus op jou selfoon by www.beeld.mobi

-- Top stories in hierdie kategorie --

PROMOSIE

.....

Bespaar NOU met OUTsurance!
Kommer stygende lewenskoste jou? Kliek hier en kry 'n kwotasie sommer vandag nog en spaar maandeliks op jou versekering!

.....

Boerpot van R8,5 miljoen gewen op African Palace se aanlyn-casino
Marie van Wyk is nou R8.5 miljoen ryker! Sy het R80 geneem om die Beach Life progressiewe gleuf te speel en een gooi het haar lewe vir altyd verander. Sy het oornag 'n miljoenêr geword: "My casino-balans was skielik R8.5 miljoen! Ek is steeds oorstelp van vreugde. Elke dag moet ek myself daaraan herinner dat dit nie 'n droom is nie." **Kliek hier om African Palace te besoek en kry R100 gratis om mee te speel**.

.....

Versekering sluk jou geld
Die enigste manier om 30-40% te spaar is om premiums te vergelyk...

Skuld Probleme?
ons sal jou finansies en jou lewe weer agter mekaar kry sonder enige